higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 4

15 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	A
	1.1.2	C
	1.1.3	A
	1.1.4	B
	1.1.5	B
	1.1.6	D
	1.1.7	D
	1.1.8	D
	1.1.9	C
	1.1.10	A

(10 × 1) (10)

1.2	1.2.1	Waar
	1.2.2	Waar
	1.2.3	Onwaar
	1.2.4	Onwaar
	1.2.5	Waar
	1.2.6	Onwaar
	1.2.7	Onwaar
	1.2.8	Waar
	1.2.9	Onwaar
	1.2.10	Onwaar

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 2

2.1	2.1.1	H
	2.1.2	L
	2.1.3	F
	2.1.4	I
	2.1.5	J
	2.1.6	K
	2.1.7	A
	2.1.8	G
	2.1.9	E
	2.1.10	B

(10 × 1) (10)

2.2 Die kringloopmodel is ‘n ekonomiese model wat uitbeeld hoe geld, goedere en dienste tussen sektore in ‘n ekonomiese stelsel beweeg.✓✓
OF
Die kringloopmodel toon die interaksie tussen twee groepe ekonomiese besluitnemers (huishoudings en ondernemings) en twee tipes ekonomiese markte (die mark vir hulpbronne en die mark vir goedere en dienste). (2)

2.3
- Spaar
- Belasting
- Invoer (3)

2.4 Totale besteding = C (huishoudelike verbruik)✓ + G (regeringsbesteding)✓ + I (investeringsuitgawe)✓ + X-Z (netto uitvoere).✓✓ (5)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Die verbruikersprysindeks is 'n maatstaf wat die geweegde gemiddelde prys van 'n mandjie verbruiksgoedere en -dienste,✓ soos vervoer, kos e mediese sorg ondersoek.✓ (2)

3.2 Voedsel en niealkoholiese drankies
Behuising en nutsdienste
Vervoer
Diverse goedere en dienste (Enige 3 × 1) (3)

3.3
- Hoër inflasiekoers erodeer die reële waarde van geld.✓✓
- Stygende inflasiekoers beteken verbruikers betaal meer geld vir dieselfde hoeveelheid goedere en dienste.✓✓
- Gevolglik lei dit tot 'n daling in verbruikersbesteding.✓✓
- Sommige verskaffers sit dan met produkte wat hulle nie kan verkoop nie.✓✓
- Hulle moet dan van hulle werkers aflê.
- Dit is dan weer geneig om werkloosheid te verhoog. (Enige redelike antwoorde 4 × 2) (8)

3.4 3.4.1
- Hoër pryse van kommoditeite
- Ingevoerde inflasie
- Hoër lone
- Hoër belasting
- Wins-stoot-inflasie
- Hoër voedselpryse (6)

3.4.2 Koste-stoot-inflasie kom voor wanneer algehele pryse styg (inflasie) eens die stygings in die koste van lone en grondstowwe✓✓ terwyl vraag-trek-inflasie voorkom wanneer die vlak van produksie of aanbod nie met die vlak van vraag in die ekonomie tred hou nie.✓✓ (2 × 2) (4)

3.5 'n Styging in die prys van petrol lei tot 'n afname in die vraag na motorvoertuie✓ (as ons veronderstel die prys van motors is konstant) omdat motorvoertuie e petrol komplementêre (aanvullende) goedere is,✓ d.w.s. jy het petrol nodig om jou motor te laat loop.✓ Wanneer petrolpryse 'n ruk lank aanhou styg, daal verbruikersvraag.✓ Menses al minder rondry✓en voertuie koop wat meer brandstofdoeltreffend is.✓
Stygende brandstofpryse het 'n negatiewe uitwerking op die motorvoertuigbedryf,✓ en beïnvloed die vraag na voertuie negatief,✓ terwyl dit ook tot algehele inflasionêre druk bydra.✓ Die petrolprys beïnvloed koste soos Vervoer en vervaardiging indirek.✓ Die styging in hierdie koste kan op hul beurt weer die pryse van verskeie goedere en dienste beïnvloed✓ omdat produsente kan besluit om die produksiekoste na verbruikers deur te gee.✓
(Enige redelike antwoord) (12)

3.6
- Hoë en volhoubare ekonomiese groei
- Prysstabiliteit
- Volle indiensneming
- Betalingsbalans-ewewig
- Billike inkomsteverdeling (5)

[40]

VRAAG 4

4.1 Is wanneer 'n maatskappy 'n skuld of faktuur van 'n ander maatskappy oorkoop✓✓ of is 'n tegniek waar 'n onderneming sy debiteure (d.w.s. fakture) aan 'n 'faktor' verkoop vir onmiddellike betaling minus 'n klein afslag. (2)

4.2
- Uitvoerder:✓ Die verkoper verkoop goedere en ontvang betaling ooreenkomstig die faktoreringsooreenkoms.✓
- Uitvoerfaktor:✓ Is die uitvoerder se bank of plaaslike faktoreringshuis wat geld van die invoerder in die buiteland ontvang ✓
- Invoerder:✓ Is die klant in die buiteland✓
- Invoerfaktor:✓ 'n Faktoreringshuis wat namens die invoerder in die buiteland optree ✓ (4 × 2) (8)

4.3
- Bewys van plantegesondheid
- Lugvragbrief
- Sertifikaat van oorsprong
- Versekeringsertifikaat
- Verpakkingslys
- Handelsfaktuur (6)

4.4 Faktorering verlaag jou boekhoukoste en oorhoofse uitgawes.✓✓
Faktorering stel jou in staat om kontantbetalings aan jou verskaffers te doen, wat beteken dat jy voordeel kan trek uit kortings en jou produksiekoste kan verlaag.✓✓
Faktorering maak dit vir die onderneming moontlik om sy bedrywighede uit sy eie krediteure te finansier.✓✓ (Enige redelike antwoorde 3 × 2) (6)

4.5
- Kontroleer die kliënt se besigheidsrekords gereeld.
- Soek na inligting oor ‘n kliënt.
- Gaan die fakture na wat die kliënt vir faktorering inbring.
- Kontroleer die kliënt se kredietwaardigheid. (4)

4.6 Ekonomiese ontwikkeling verwys na die verbetering in die lewenstandaard van mense op ‘n bepaalde plek ✓✓ terwyl ekonomiese groei verwys na ‘n styging in die reële ekonomiese produk.✓✓ (2 × 2) (4)

4.7
- Maak voorsiening vir die instelling van munisipaliteite ooreenkomstig die vereistes aangaande kategorieë en tipes munisipaliteite.
- Stel kriteria vas vir die bepaling van die kategorie munisipaliteit wat in ‘n area ingestel gaan word.
- Definieer die tipe munisipaliteit wat in elke kategorie ingestel kan word.
- Verskaf ‘n toepaslike verdeling van funksies en magte tussen die kategorieë van munisipaliteite.
- Reguleer die interne stelsels, strukture en ampsdraers van munisipaliteite.
- Maak voorsiening vir toepaslike kiesstelsels*** electoral systems en vir sake wat daarmee verband hou. (Enige redelike antwoorde 5 × 2)

(10)
[40]

VRAAG 5

5.1
- Help om elektrisiteitstoevoer te herstel ✓
- Herstel watertoevoer ✓
- Voorsien skoon water in watertenkwa ✓
- Voorsien tydelike wooneenhede en herbou huise wat gedeeltelik beskadig is.✓
- Herstel en herbou infrastruktuur soos paaie, brûe en skole wat beskadig is. (Enige 4 × 1) (4)

5.2 Dit is belangrik vir enige regering om rampe te bestuur.✓ Die regering verskaf wetgewing,✓ wys hulpbronne toe,✓ doen rasionele beplanning✓en verseker volhoubare ontwikkeling.✓ Rampbestuur en -beplanning is ‘n sleutelelement van die regering se werk. (Enige redelike antwoorde 4 × 1) (4)

5.3
- Eiendomsbelasting
- Oorskotte wat uit dienste gegenereer is
- Fondsoorplasings van die nasionale regering (3)

5.4
- Rekeningeenheid:✓ geld word gebruik om die waarde van verskillende items in die goederemark met mekaar te vergelyk.✓
- Waardedraer:✓ geld kan gebêre en in ‘n latere tydstip gebruik word as dit nie waarde verloor het nie.✓
- Standaard van uitgestelde betaling:✓ geld word gebruik om skuld te vereffen.✓
- Ruilmiddel:✓ geld word algemeen as betaling vir goedere en dienste aanvaar.✓ (4 × 2) (8)

5.5
- Goedere en dienste moet beskikbaar wees om te koop.
- 'n Gemeenskap benodig toegang tot gesondheidsorg.
- Daar moet wet en orde in 'n gemeenskap heers.
- Kinders benodig 'n skool om heen te gaan.
- Plekke van gemeenskapsbyeenkomste soos kerke en ontspanningsareas is ook nodig. (Enige redelike antwoord 5 × 2) (10)

5.6
- Uitbreiding van Suid-Afrikaanse handel na ander lande
- Verbetering van plaaslike produksietegnieke
- Waardetoevoeging aan plaaslik vervaardigde kommoditeite
- Verbetering van plaaslike ekonomieë
- Vaardigheidsoorskotte (Enige redelike antwoorde 4 × 1) (4)

5.7 5.7.1 R18.42 × 5/100✓ = R0.92✓
R18.42 – R0.92✓ = R17.50
£1 = R17.50✓. (4)

5.7.2 R18.42 × 0.50% = R0.09✓
R18.42 + R0.09✓= R18.51
£1 = R18.51✓ (3)
[40]

VRAAG 6

6.1 6.1.1 Absolute voordeel – verwys na die vermoë om 'n bepaalde produk of diens teen 'n laer koste te produseer (d.w.s. meer doeltreffend) as 'n ander party

6.1.2 Promesse – is 'n skriftelike onderneming deur die klant om die uitvoerder te betaal wanneer hy die goedere ontvang het

6.1.3 Mark – is 'n plek waar kopers en verkopers bymekaar kom om te koop en verkoop(3 ×2) (2)

6.2
- Wanneer 'n markprys bo die ewewigsprys vasgestel word, is daar 'n oorskot in die mark.✓✓
- Dit moedig verkopers aan om hul pryse te verlaag; hoe laer die prys, hoe hoër die vraag.✓✓
- Omgekeerd, indien die markprys onder die ewewigsprys vasgestel word, sal daar 'n tekort in die mark wees.✓✓
- Dit sal verskaffers aanspoor om hul pryse weens oormaatvraag** te verhoog.✓✓ Op dié manier dryf markkragte pryse weer tot ewewig.

(Enige redelike antwoorde 4 × 2) (8)

6.3 Buitelandse direkte investering is die stigting of aankoop van sakeondernemings en hul gepaardgaande infrastruktuur in 'n ander land,✓✓ terwyl buitelandse portefeulje-investering verwys na die aankoop van sekuriteite soos aandele en effekte van ander lande op die effektebeurs.✓✓
(2 × 2) (4)

6.4
- Om plaaslike ondernemings en werkers te beskerm
- Om die omgewing te beskerm
- Om te verseker dat die landswette nagekom word
- Om die land se ekonomie te beskerm
- Om 'n inkomste vir die land te verdien
- Om buitelandse valuta te beheer (Enige redelike antwoord 4 × 2) (8)

6.5
- Uitvoer is riskant – Internasionale handel is meer ingewikkeld as om op 'n binnelandse mark te fokus.
- Die internasionale handelsomgewing verander vinnig en indien jy wil uitvoer, moet jy van hierdie veranderings bewus wees en dit monitor.
- Sommige uitvoere vereis 'n lisensie, en dit kan vinnig ingewikkeld raak om lisensiëring, klassifikasie en ander vereiste nakomingskwessies te moet hanteer.
- Vergeleke met binnelandse handel kan dit moeilik wees om betaling van klante te kry; uitvoerders kan probleme ervaar met betalingsvoorwaardes, wiselkoersskommelings, ens.
- E-handel kan 'n dramatise oplewing toon en die voorsieningsketting-infrastruktuur sal dalk nie met die vraag kan tred hou nie.
- Een van die moeilikste aspekte van uitvoere is om jou intellektuele eiendom te beskerm. (Enige redelike antwoord 3 × 2) (6)

6.6
- Teken 'n kontrak met die plaaslike uitvoerfaktor.
- Aanvaar die voorwaardes en stem in dat alle gelde aan die faktor betaal sal word.
- Kom ooreen om aan die faktor rente op vroeë bedrae ontvang te betaal.
- Moet item aan die uitvoerfaktor spesifiseer.
- Kom ooreen om administrasiekoste aan die faktor te betaal.
- Afleweringsmetode word gespesifiseer word. (Enige 4 × 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou